

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

20c

Friday 30 March 1979

WINDHOEK

Vrydag 30 Maart 1979

No. 3934

Government Notice

Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE
Secretary for South West Africa

Administration of South West Africa
Windhoek

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
Sekretaris van Suidwes-Afrika

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 69]

[30 March 1979

Nr. 69]

[30 Maart 1979

ORDINANCE, 1979: PROMULGATION OF

ORDONNANSIE, 1979: UITVAARDIGING VAN

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

No. 10 of 1979 Hospitals Amendment Ordinance, 1979

No. 10 van 1979 Wysigingsordonnansie op Hospitale, 1979

No. 10 of 1979 HOSPITALS AMENDMENT ORDINANCE, 1979*(Assented to 22 March 1979)**(Afrikaans text signed by the Administrator-General)**(Date of commencement 30 March 1979)***ORDINANCE**

To amend the Hospitals Ordinance, 1972, so as to exclude the liability of the Administration for the conveyance, or the cost of the conveyance, of the corpse of a patient back to the hospital or place from which he was transferred; and to grant authority for the making of regulations in relation to the burial of any corpse that is stored in the mortuary of a state hospital and that is not claimed or that no legally competent person undertakes to bury and actually buries.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Amendment of section 14 of Ordinance 14 of 1972, as amended by section 4 of Ordinance 3 of 1973.

1. Section 14 of the Hospitals Ordinance, 1972 — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(3) If a patient referred to in subsection (1) dies in or at the hospital to which he was transferred at the expense of the Administration, the Administration shall not be liable for the conveyance, or the cost of the conveyance, of the corpse of such patient to the hospital or place from which he was thus transferred.”

Amendment of section 41 of Ordinance 14 of 1972, as amended by section 10 of Ordinance 3 of 1973.

2. Section 41 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after paragraph (j) of the following paragraph:

“(jA) the burial, after the expiry of a period mentioned in the regulation, of any corpse that is stored in the mortuary of a state hospital and —

(i) that has not been claimed; or

(ii) that no legally competent person has undertaken to bury and has actually buried.”

Short Title.

3. This Ordinance shall be called the Hospitals Amendment Ordinance, 1979.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP HOSPITALE, 1979 **No. 10 van 1979**

(Goedgekeur 22 Maart 1979)
 (Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onder-
 teken)
 (Datum van inwerkingtreding 30 Maart 1979)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Hospitale, 1972, ten einde die aanspreeklikheid van die Administrasie vir die vervoer, of die koste van die vervoer, van die lyk van 'n pasiënt terug na die hospitaal of plek waarvandaan hy oorgeplaas is, uit te sluit; en om magtiging te verleen vir die uitvaardiging van regulasies met betrekking tot die begrawing van enige lyk wat in die lykhuis van 'n staats-hospitaal geberg word en wat nie opgevra word nie of wat geen wetlike bevoegde persoon onderneem om te begrawe en werklik begrawe nie.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Artikel 14 van die Ordonnansie op Hospitale, 1972 — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die volgende subartikel daarby te voeg:

Wysiging van artikel 14 van Ordonnansie 14 van 1972, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 3 van 1973.

“(3) Indien 'n pasiënt in subartikel (1) bedoel te sterwe kom in of by die hospitaal waarheen hy op Administrasiekoste oorgeplaas is, is die Administrasie nie aanspreeklik vir die vervoer, of die koste van die vervoer, van die lyk van sodanige pasiënt na die hospitaal of plek waarvandaan hy aldus oorgeplaas is nie.”.

2. Artikel 41 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf (j) in te voeg:

Wysiging van artikel 41 van Ordonnansie 14 van 1972, soos gewysig deur artikel 10 van Ordonnansie 3 van 1973.

“(jA) die begrawing, na verstryking van 'n in die regulasie vermelde tydperk, van enige lyk wat in die lykhuis van 'n staats-hospitaal geberg word en —

(i) wat nie opgevra is nie; of

(ii) wat geen wetlik bevoegde persoon onderneem het om te begrawe en werklik begrawe het nie.”.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Hospitale, 1979.

Kort titel.